



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

RIGLYNE VIR GRAAD 12 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

2009

Hierdie riglyne bestaan uit 26 bladsye.

**PRAKTIESE ASSESSERINGTAAK (PAT) VIR GRAAD 12
DANSSTUDIES 2009****RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER****1. ALGEMENE INLEIDING**

Die 17 Nasionale Kurrikulumverklaringvakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n PAT in, d.w.s. 'n Praktiese of Opvoerings Assessering Taak. Hierdie vakke sluit in:

- LANDBOU: Landboubestuursparktyke, Landboutgnologie
- KUNSTE: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- GSW: Lewensoriëntering
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstechnologie, Inligtingstechnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -Ontwerp, Meganiese Tegnologie

'n PAT laat die onderwyser toe om direk en stelselmatig leerling toepassing vaardigheid waar te neem wat nie maklik in 'n skriftelike eksamen moontlik is nie. Die PAT bestaan uit die toepassing/opvoering van die kennis, vaardigheid en waardering spesifiek vir daardie vak. In sommige vakke dra die PAT 25% by (d.w.s. 100 punte) van die totale promosie/sertifikasie punt uit 400 vir die vak. Dit sluit die Kuns vakke uit: In Ontwerp en Visuele Kunste dra die PAT 37.5% by (d.w.s. 150 punte) van die totale promosie/sertifikasie punt uit 400 vir die vak. In Dansstudies, Dramatiese Kunste en Musiek is daar interne PATs wat bydra tot die interne formele assessering punte (25%) so wel as 'n eksterne praktiese opvoerings eksamen wat gedeeltelik bydra tot die eksterne promosie merk (75%).

d.w.s. 3 PATs + eksamens en toetse = 25% van jaar punt Eksterne praktiese & teorie eksamens = 75% van jaar punt
--

Die PAT word geïmplementeer dwarsdeur die kwartale van die skool jaar en kan onderneem word as een verlengde aanhoudende taak wat opgebreek is in verskillende fases of as 'n verskeidenheid van kleiner aktiwiteite waaruit die PAT bestaan. Die beplanning en uitvoer van elke PAT sal verskil van vak tot vak.

2. VEREISTES: PAT-TAKE VIR DANSSTUDIES

Die Praktiese Assesseringstaak vir Dansstudies bestaan uit **drie afsonderlike geïntegreerde take** wat gedurende die jaar gedoen word en elkeen sluit twee komponente in: skriftelike voorbereiding en die eintlike opvoering. Punte moet gegee word vir beide die voorbereiding en opvoering prosesse en beide die informeel en formele voorbereidings vir elke **PAT moet opgeteken word in 'n joernaal** wat spesifiek gehou word vir Dansstudies. Die skriftelike voorbereiding moet bestaan uit navorsing, beplanning en enige ander rekord opnames wat benodig word om voor te berei vir 'n opvoering in Dansstudies.

Die opvoering kan plaas vind in 'n gekontroleerde omgewing (soos 'n ateljee of 'n klaskamer) of in 'n ware lewensomgewing (soos 'n publieke opvoering). Die leerling demonstreer die integrasie van dans, kennis, vaardigheid en waardes in 'n enkele opvoering.

In Graad 12 word die Praktiese Assesseringstaak ekstern opgestel, intern geassesseer en ekstern gemodereer.

Die PATS is deel van die formele Program van Assessering en is Taak 1, Taak 3 en Taak 5 (Dansstudies VAR bladsy 11, 12). **Hulle kan in enige orde gedoen word, een per kwartaal. Hulle word nie voorgeskryf vir enige spesifieke kwartaal nie.**

Die formaat vir geïntegreerde opvoering take in Graad 12:

• **PAT TAAK 1: LU 4 Opvoering van Inheemse of Kruis-kulturele Danse (50punte)**

Instruksies vir onderwysers:

1. Leerders wat Afrika Danse as hul hoof vak studeer, leer en voer 'n volledige dans op van 'n kultuur anders as 'n Afrika dans soos 'n Indiese, Ballet, Spaanse, Griekse Danse of enige ander een.

Nie-Afrika Dans as hoof vak leerders leer en voer 'n inheemse Afrika seremoniële of rituele dans op. (Die onderwyser mag hulp kry van 'n kenner van buite in die verkose dans wat geleer gaan word.)

2. Leerders doen navorsing en bied aan **mondelings** of **skriftelik**, die dans wat hulle geleer het insluitende aspekte soos aantrek/kostuums, rekwisiete, musiek, opvoering konteks, tema, doel, deelnemers (hoeveelheid dansers, geslag, ouderdom), tydsberekening, ontleding van beweging en gebruik van liggaams dele, gebruik van ruimte, spasieuse verhoudings tussen dansers, formasie en dinamieke, die rolle wat mense speel in 'n dans en hoe dit karakter rolle en sosiale verhoudings in die kultuur uitbeeld, verlede en huidige insluitende die gebruik van simbolisme.

Hierdie navorsing behoort die leerders te help om voor te berei vir moontlike eksamenvrae in hul finale teorie vraestel.

• **PAT TAAK 3: LU 2 Opvoering en produksie van 'n solo (1-2 minute) EN 'n groepdans (2-4 leerders in totaal- maksimum 3 minute) in die dans hoof vak (50 punte)**

Instruksies vir onderwysers.

1. Vasgestelde Solodans (20 punte) in die **danshoofvak**

Leerders kan 'n vasgestelde solodans van 1-2 minute in Graad 11 leer en daardeur verseker dat hulle die dans uitstekend kan uitvoer in Graad 12. Leerders moet ingelig word oor die kriteria waar op hulle geassesseer sal word gebaseer op die Assesseringstandaard en moet mik vir styl, duidelikheid, akkurasie, noukeurigheid, ko-ordinasie, kontrole, musikaliteit, krag, stamina, uithouvermoë, fokus, konsekwentheid, toewyding, teenwoordigheid, soepelheid, buigsaamheid en vloeibaarheid.

Die solo moet gechoreografeer word deur die onderwyser of 'n professionele choreograaf of moet 'n uittreksel uit 'n professionele werk wees. Elke leerder moet aangemoedig word om die solo te verpersoonlik.

Werk aan die volgende kriteria wanneer die solodans geoefen word:

- Ingewikkeldheid van beweging (tegniek, geheue, koördinasie, beheer)
- Bewegingskwaliteit (verskuiwings, vloeëndheid, toewyding, energie, musikaliteit)
- Styl (eie unieke styl en styl van dansgenre)
- Opvoering (uitdrukking, selfvertroue, fokus)

Leerders behoort te weet wie die solo gechoreografeer het, navorsing doen daaroor en moet kan praat oor die dansgenre en styl van die solo, die musiek genre of enige ander bykomstighede wat in die solo gebruik word en hoe dit verwant hou met die dans en kan terug dink oor hul eie prosesse en die vordering in hulle joernaal (die geskrewe aspek).

Dieselfde solo moet verbeter word en vir die finale eksterne praktiese eksamen opgevoer word.

2. Vasgestelde Groepdans (20 punte) in die danshoofvak

Leerders kan 'n vasgestelde groepdans van 2 – 3 minute in Graad 11 doen, en daardeur verseker dat hulle die dans uitstekend kan uitvoer in Graad 12. Leerders moet ingelig word oor die kriteria waarop hulle geassesseer sal word gebaseer op die Assesseringstandaard.

Die Groep moet gechoreografeer word deur die onderwyser, 'n gaschoreograaf, of kan 'n uittreksel uit 'n professionele werk wees.

Behalwe die kwaliteit kriteria wat benodig word in die solo, moet die groepdans demonstreer hoe om as 'n span saam te werk, die bewustheid van self en ander in die ruimte en uitdrukkingsvolle interaksie met ander dansers.

Werk aan die volgende kriteria wanneer die Groepdans geoefen word:

- Spanwerk (verhoudings, tydsberekening, spasie, oogkontak, eenheid)
- Opvoering (atmosfeer, uitdrukking, aanbieding, ingewikkeldheid, integrasie)

Leerders behoort te weet wie die Groepdans gechoreografeer het, moet navorsing doen daarvoor en moet 'n skriftelike aanbieding doen en praat (optioneel) oor die dansgenre en styl van die Groepdans, die musiekgenre of enige ander bykomstighede wat in die Groepdans gebruik word en hoe dit verwant hou met die dans en kan terug dink oor hul eie prosesse en die vordering in hulle joernaal (die geskrewe aspek).

Dieselfde Groepdans moet verbeter word en vir die finale eksterne praktiese eksamen opgevoer word.

3. Produksiebeplanning (10 punte)

Die solo- en groepdanse kan opgevoer word in 'n formele of informele omgewing bv. in die ateljee of skoolsaal vir vriende of 'n publieke gehoor. Elke leerling kan kies of moet 'n rol gegee word in die organiseering van die produksie bv.

- Verhoogbestuur organiseer die plek/ toneelskikking/dekor /kostuums/ rekwisiete/beligting
- Bemaking: organiseer die advertering, plakkaat ontwerp
- Berei voor die program insluitende ontwerp en informasie
- Behartig die finansies: Berei die begroting voor/kaartjieverkope/fondsinsameling

Leerders moet kan werk as 'n span om seker te maak dat hul verskillende take tot 'n suksesvolle produksie bydra. Elke leerling moet 'n skriftelike verslag inhandig waarin hul take en ander prosesse opgeteken is en terug dink aan die uitkoms van die produksie.

Onthou asseblief:

1. Die produksiebeplanning opvoering kan insluit of vervang word deur die choreografie en/of Inheemse danswerke.
 2. In dansgenres soos Baldanse en Latyns-Amerikaanse danse waar dansers as 'n paartjie dans, verwys 'solo' na een paartjie en 'duet' verwys na twee paartjies en 'groep' verwys na 'n formasie van paartjies.
- **PAT TAAK 5: LU 1 Improviseer rondom 'n id e of met begeleiding gekies deur die onderwyser – 1 minuut – EN individuele choreografie van 'n groepdans 2-3 minute. (50 punte)**

Instruksies vir onderwysers.**1. Improvisering (20 punte)**

Oefening in improvisering moes in die AOO en VOO deur die jare plaas gevind het. Vir die doel van formele assessering, kan hierdie aspek van Leeruitkomst 1 geassesseer word in een improvisering

aktiwiteit. Die leerder moet duidelike parameters of idees gegee word om mee te werk. Gedurende die jaar moet onderwysers eksperimenteer met effektiewe maniere om improvisasie te assesseer wat regverdig, geldig en konsekwent is soos bv.

- Hulle word die stimulus gegee en kan dan 5-10 minute gegee word om daar oor te dink voor die assessering
- Elke leerling kan 'n verskillende stimulus gegee word op 'n stuk papier sodat hulle nie mekaar kan beïnvloed nie. In hierdie geval kan hulle mekaar se improvisering sien en selfs deur hul portuurgroep geassesseer word (bo en behalwe die onderwyser se formele assessering)
- Leerders kom voer hul improvisering op een op 'n tyd gebaseer op 'n algemene stimulus
- Leerders improviseer in groepe van twee tot vier, hulle werk of op hul eie of as 'n groep
- Leerders word 'n stimulus gegee met 'n stuk musiek om na te luister onmiddelik voordat hulle improviseer

Hier is sommige stimulus idees, maar onderwysers word nie beperk tot hierdie idees nie:

- Improviseer op die id e van impulse, momentum en val
- Improviseer rondom die id e van 'n sosiale onderwerp
- Improviseer deur gebruik van geometriese konsepte van lyn, sirkels en ander hoeke
- Leerders word 'n prentjie/foto/skildery/mobiele gegee om na te kyk en word dan gevra om te improviseer rondom enigiets wat te doen het met die voorwerp
- Leerders word gevra om 'n belangrike gebeurtenis in hul lewens te onthou en te improviseer rondom die gebeurtenis of hul reaksie daarop
- Leerders word 'n alledaagse gebeurtenis gegee om te improviseer bv. sport speel/wakker skrik/uit trek of in trek
- Leerders word 'n reeks rekwisiete gegee om van te kies

Na die improvisasie moet leerders terug dink en 'n een vel papier verslag in hul joernale voorberei oor hul improvisering, en daardeur evalueer hulle hul eie proses en produk.

Lei leerders se aandag na die assessering kriteria vir improvisering:

- Struktuur (begin & einde, repetisie, stilheid)
- Bewegingskwaliteit (toewyding, selfvertroue, gebruik van dinamiek, tyd, ruimte, krag)
- Kreatiwiteit, oorspronklikheid

Onthou asseblief dat choreografie en improvisasie word nie beperk tot die danshoofvak of enige ander genre of styl nie. Leerders moet vry wees om enigiets te doen, en aangemoedig word om weg te beweeg van die dans stappies en formasies wat hulle ken en om nuwe bewegings te ontdek en te ontwerp.

2. Individuele Choreografie van 'n groepdans 2-3 minute. (30 punte)

Menige leerders neem 'n lang tyd om te besluit op 'n tema of id e vir hulle finale groep choreografie, 'n vermorsting van belangrike choreografie oefening tyd. Dit word voorgestel dat onderwyser die leerders 'n keuse van 4 bre  idees gee (dit kan insluit maar hoef nie beperk te wees tot musiek stukke nie) om van te kies. Dit help ook om die assessering 'n standard te gee.

Hierdie idees moet die eerste week van die skool kwartaal in Januarie maand gegee word sodat die leerders genoeg tyd het om aan hul choreografie te werk.

Elke leerling moet 'n 2-3 minuut danswerk choreografeer op twee of meer mense, wat nie hul self insluit nie. Dit word voorgestel dat elke graad 12 leerling dansers uit die ander Grade gebruik en nie mekaar nie om tyd te bespaar. Onderwysers moet leerder-choreografeer help om die groep te kies en seker maak die groep toegewyd is. Dit kan gedoen word deur punte toe te ken aan die deelnemers vir een van hulle PAT's of vereistes in hulle eie graad.

Onderwysers moet leerders help om oefentye daar te stel, moet daar wees wanneer dit plaasvind en konstruktiewe terugvoering en leiding gee op die danse wat ontwikkel word.

Leerders moet notas maak en skriftelik terug dink deur in hul joernale hul vordering te dokumenteer en moet 'n een minuut mondeling voorlegging van hul werk gee. Hulle moet ook 'n programnota van nie meer as 150 woorde op 'n enkel A4-papier voor berei vir die dans.

Die assesseringmetode en -kriteria moet voor die tyd verduidelik word deur die onderwyser sodat hulle weet hoe hulle geassesseer gaan word.

'n Verklaring van Egtheid moet deur die leerders en onderwyser geteken word en in die portefeulje/joernaal geplaas word om te verseker dat die choreografie regtig die leerder s'n is, en dat daar nie plagiaat gepleeg is deur werk by 'n ander choreograaf of onderwyser oor te neem of deur 'n vaardige groepdansers geïmproviseer is nie.

Daar is geen beperkings op die moontlike choreografiese idees/temas. Hier is 'n paar voorstelle:

- 'n Gedig
- 'n Skildery / foto
- 'n Stuk musiek
- Choreografeer 'n dans gebaseer op 'n komplot of storie in 'n boek of feëverhaal
- Beweging idees bv. gebaar/stoot-trek/aktief en passief/tema en variasie/sport
- Betekenisvolle kwessies in die gemeenskap
- Omgewing vriendelik/langgerektheid/wêreldwye
- Verken die idees en konstruksie van 'n professionele choreograaf se werk, en ontwikkel jou eie vertolking van die werk.

Lei leerders se aandag na die assesseringkriteria vir Choreografie:

- Duidelikheid van idees/intent
- Innovering (oorspronklikheid, ekperimentasie)
- Resolusie (struktuur en ontwerp)
- Beweging taal
- Gebruik van dansers en produksie elemente (musiek, dekor, kostuums)
- Mondeling en skriftelike voorlegging (Program, joernaal)

Dieselfde choreografie mag vir die finale eksterne praktiese eksamen opgevoer word

Onthou asseblief dat choreografie en improvisasie word nie beperk tot die danshoofvak of enige ander genre of styl nie. Leerders moet vry wees om enigiets te doen, en aangemoedig word om weg te beweeg van die dansstappies en formasies wat hulle ken en om nuwe bewegings te ontdek en te ontwerp

3. BEPLANNING VIR DIE TAKE

Leerders moet skriftelik al hul beplanning en voorbereidingswerk vir elke praktiese/opvoering taak in hulle joernaal wys. Dit moet in soveel besonderheid wees, dat die onderwyser/moderator die volgende kan weet:

- Watter praktiese werk was gekies en waarom
- Watter hoeveelheid beplanning was gedoen
- Hoe die leerling vir die praktiese werk voorberei het
- Probleme wat ervaar was en hoe dit oorkom is
- Wat was genotvol/opwindend/positief oor die praktiese werk

4. HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAAK

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word voorgestel vir die implementering van die PAT soos benodig:

Letterkunde/berigte/tekse op dans (boeke, tydskrif, internet) op:

- Dans: tegniek en vaardigheid in die verkose dansgenre
- Anatomie en gesondheidsorg / geskiedenis van dans / musiekteoretiese
- Choreografiese struktuur, benadering
- Videos / DVD's of Inheemse danse, professionele danswerke
- Repertoire vir die verkose dansgenre
- Toerusting:
 - Musiekinstrumente om te gebruik as 'n bykomstigheid/ CD Speler om die regte musiek te speel
 - Videokamera om die dansroetine op mee te neem
 - Rekwisiete, kostuumes
- Fasiliteite:
 - Groot kamer (spieëls 'n voordeel)
 - Geveerde houtvloer
- Menslike Hulpbronne
 - Leerders neem deel aan gelykes se ge choreograafeerde danse

**BELANGRIK VIR ALLE PRAKTIESE EKSAMENS.
FINALE EKSTERNE EKSAMEN VAN DIE PRAKTIESE DANS KOMPONENTE**

Provinsies sal 'n eksterne eksamen paneel aanstel wat in sluit:

1. Provinsiale Interne Moderator
2. Provinsiale Hoofeksaminator
3. Mede-eksaminatore

Die paneel moet veranderlik wees om ten minste een kenner in te sluit in die relevante dansvorm.

- Skole met Dansstudies-leerders moet verseker dat die provinsiale onderwysdepartement –afdeling weet hoeveel leerders ingeskryf is.
- Provinsies sal al die reëlings tref. Dit sluit in kommunikasie met die onderwysers en skole, reël van plekke, die tye, die eksamenpaneel en enigiets anders wat benodig word in die bestuur van die praktiese eksamen vir graad 12.
- Voor die finale eksamen begin, moet die Provinsiale Interne Moderator byeenkom met die provinsiale Eksaminatore om hulle te oriënteer met eksamen kwessies en die assessering instrument te finaliseer.
- Die Provinsiale interne moderator sal elke eksamenlokaal besoek gedurende die eksamen om die kwaliteit van die eksamenproses te verseker.
- Die onderwysers verantwoordelik vir die onderrig van die praktiese komponent wat ondersoek word, word verwag om teenwoordig te wees met die eksaminatore om die begeleiding van die eksamen te fasiliteer en om hulle praktiese jaarpunt voor te lê vir moderering.
- Let wel dat die provinsiale (hoof) eksaminator op die uiteinde die finale besluit sal neem oor die assesseringspunte.
- Die maksimum duur vir die hele praktiese eksamen proses is 6 (ses) weke in kwartaal 3 en/of 4.

Die finale eksterne praktiese eksamen van die opvoerende komponente sal bestaan uit:

1. 'n 15-minute vasgestelde omvattende kombinasie van klasoefeninge in die danshoofvak om die tegniese vermoë te ewalueer (4 leelinge op 'n tyd). Dit moet 'n opsomming wees van wat oor die 3 jaar van VOO geleer is. Dit moet die kandidaat se tegniese vermoëns demonstreer en ook die vlak van kompleksiteit wat bereik is. Dit moet die beginsels van goeie liggaamswerk soos postuur, belyning, beheer en veilige landings en beginsels van die dansvorm demonstreer. Dit moet genoeg repetisie toelaat sodat die panel elke leerder se vermoëns kan ewalueer.
2. 'n G choreografeerde vasgestelde solo van nie langer as 1-2 minute in die danshoofvak nie. Dit kan dieselfde solo wees as in die PAT maar moet vordering wys vanaf die PAT.
3. 'n Vasgestelde groepdans van tussen 2 – 4 leerders van nie meer as 3 minute nie. Dit kan dieselfde groepdans wees as in die PAT maar moet vordering wys vanaf die PAT.
4. 'n Solo of groepimprovisasie – leerders sal 'n stimulus gegee word op die dag.
5. Elke kandidaat sal hul eie choreografiese werk wys wat nie meer as 3 minute moet wees nie. Leerders moet nie in hul eie danse optree nie. Leerders moet 'n mondeling voor lê oor hul choreografiese prosesse, 'n een bladsy program en hul joernale. Dit kan 'n verbeterde weergawe wees van dieselfde werk wat in die PAT voor gestel is.

Tyd van die eksterne eksamen – ongeveer een uur per groep van 4 leerders

Eksterne Eksamen Items	Minute
1 Klaswork 4 leerders	15
2. Solo 4 leerders x 1 minuut elk	4
3 Groepdans	3
4. Improvisasie solos of groep	4
5. Choreografie: 4 leerders x (3 minute choreografie + 1 minuut mondeling)	16
Totaal	42 minute (minimum)
Plus tyd vir merk, verandering van leerders, pouses vir die eksamenatore	
Totaal	ongeveer 60 minute

BEREKENING VAN EKSTERNE PRAKTIESE DANS EKAMEN

Hier benede is die opweging van die praktiese komponente LO 1 en LO 2 vir die finale praktiese eksamen punte.

Komponente	Persentasie en punte	Leerling 1	Leerling 2	Leerling 3	Leerling 4
LO 2 Klass werk	20				
LO 2 Solo	20				
LO 2 Groepdans	20				
LO 1 Improvisasie	10				
LO 1 Choreografie	30				
Finale persentasie	100				
Verander punte tot	150				

DANSSTUDIES PRAKTIESE EKSAMEN BENODIGHEDE		
PLEK / EKSAMEN PROSEDURE	BENODIGHEDE	AFTIK LYS
<i>Grote van opvoering ruimte</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Moet groot genoeg wees vir die leerders om gemaklik te kan beweeg so wel as inskiklik vir die eksaminatore 	
<i>Temperatuur</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Moet goed geventileer wees indien dit warm is/verhit as dit koud is 	
<i>Vloer</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Moet skoon wees met 'n gelykke oppervlakte om die opvoering op te doen 	
<i>Geraas</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Moet stil en geïsoleer wees van onderbreukings met 'n kennisgewing buite 	
<i>Toilette / Uittrek kamers</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Moet voorsien is van 'n toilet/uittrek kamers vir die leerders en 'n toilet vir die eksaminatore wat naby die eksamen lokaal geleë is. Dit moet skoon wees met toilet papier, 'n handdoek en seep 	
<i>Lig</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Die lokaal moet goed belig wees 	
<i>Klank</i>	<ul style="list-style-type: none"> • C.D. speler moet verskaf word met luidsprekers wat kan wetywer met die volume wat benodig word in die opvoerings ruimte • 'n Persoon, anders as die onderwyser moet aangestel word om die musiek te bewerk vir die eksamen • Alle musiek moet vooraf na gegaan word om te verseker dat alle CDs speel en daar geen probleme is op die dag nie • Alle leerders se musiek vir die choreografie moet na gegaan word deur die onderwyser om te verseker dat dit van 'n goeie gehalte is en funksioneer en nie meer as 3 minute is nie 	
<i>Eksaminatore se benodighede</i>	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Tafel wat groot genoeg is om op te merk vir elke eksamenatoor • 'n Gemaklike stoel om op te sit • Water en glasse op die tafels • Genoegsame lig om in te merk • Leerders se portefeulje, joernale en een bladsy program van die choreografie moet gereed wees in die eksamen lokaal • Alle punte skedule op die eksaminatore se tafels in die korrekte orde van merk • Alle leerders se name ingevul op die punte skedule • Onderwyser en leerling portefeuljes gereed vir die modereering van die PATs 	
<i>Leerders</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle moet gereed en op gewarm wees voor die geskeduleerde tyd van die eksamen • Hul nommers moet veilig en duidelik voor en agter op hul dans kostuum vertoon • Dansers moet netjies in die geskikte klere vir die dans hoof vak geklee wees • Geen juwele, hare in die gesig, ens. • Alle leerders word verwag om in die eksamen lokaal te vertoef vir die duur van die eksamen • Daar word verwag van alle leerders om hulle te gedra terwyl die ander leerders besig is • Water moet beskikbaar wees vir leerders gedurende die eksamen 	

**PRAKTIESE ASSESSERINGTAKE (PATs VIR GRAAD 12)
DANSSTUDIES 2009**

INSTRUKSIES VIR LEERDERS

- **PAT TAAK 1: LU 4 Opvoering van Inheemse of Kruis-kulturele Danse (50punte)**
- **Instruksies vir leerders**

1. Opvoering

- 1.1 Leerders wat Afrika danse as hul hoof vak studeer, leer en doen 'n opvoering van 'n volledige dans van 'n kultuur behalwe 'n Afrika dans soos Indiese, Ballet, Spaanse, Griekse danse of enige andere.
- 1.2 Leerders wat Nie-Afrika Danse as hoof vak doen, leer en doen 'n opvoering van 'n Inheemse Afrika seremonieële of rituele dans.

1. Navorsing en aanbidding

Doen navorsing oor die Inheemse Dans vorm en bied aan jou bevindinge **mondelings** en **skriftelik** oor die dans waarvan jy geleer het. Dit is hoe teorie geïntegreer word met die prakties.

Sluit in so veel informasie as moontlik van die volgende aspekte soos:

- Opvoering konteks
- Tema, doel
- Deelnemers (aantal dansers, geslag, ouderdom)
- Ontleding van beweging en die gebruik van liggaams dele
- Dinamieke
- Gebruik van ruimte, formasie en spasieering verhoudings tussen dansers
- Die rolle wat mense in die dans speel en hoe hierdie kenmerkende rolle en sosiale verhoudings in die kultuur, verlede en hede weerspieël word
- Kleredrag/kostuums, rekwisiete, musiek

Jy sal geëvalueer word op jou

- Begrip van die historiese en kulturele aspekte van die dans, die tema en die doel
- Vermoë om met duidelikheid 'n aanbidding te maak oor 'n reeks aspekte
- Opvoering insluitende jou begrip van die styl, ruimte, liggaams dele, verhoudings, formasie, dinamieke en tydsberekening

- **PAT TAAK 3: LU 2 Opvoering van 'n solo (1- 2 minute) EN 'n groepdans (2-4 leerders in totaal- maksimum 3 minute) gebruik die onderwyser se choreografie of repertoire EN 'n produksie taak (50 punte in totaal)**

Instruksies vir leerders

1. Vasgestelde SoloDans (20 punte) in die danshoofvak

Wanneer die solodans geoefen word, werk dan aan die volgende kriteria:

- Ingewikkeldheid van beweging (tegniek, geheue, ko-ordinasie, kontrole,)
- Beweging kwaliteit (verkuiwings, loop, toewyding, energie, musikaliteit)
- Styl (eie unieke styl en styl van dansgenre)
- Opvoering (uidrukking, vertrouwe, fokus)

Doen navorsing en weet wie die solo choreografeer het, en jy moet kan praat oor die dansgenre en styl van die solo, die musiek genre of enige ander bykomstighede wat in die solo gebruik word en hoe dit verwant hou met die dans. Skryf jou bevindinge in jou joernaal, en dink terug oor jou eie prosesse en vordering.

Let op dat dieselfde solo opgevoer kan word vir die finale eksterne eksamen.

2. Vasgestelde Groepdans (20 punte)

Jy sal verwag word om 'n groepdans met 2 – 4 ander leerlinge te oefen en te vertoon. Die groepdans kan deur jou onderwyser of professionele choreografer choreografeer word. Die dans moet nie langer as 3 minute wees nie. Jy sal geëvalueer word op die volgende kriteria:

- Spanwerk (verhoudings, tydsberekening, spase, oog kontak, eenheid,)
- Opvoering (atmosfeer, uitdrukking, aanbieding, ingewikkeldheid, integrasie)

Berei informasie voor oor wie die Groepdans choreografeer het, en jy moet kan praat oor die dansgenre en styl, die musiek genre of enige ander bykomstighede wat in die Groepdans gebruik word en hoe dit verwant hou met die dans. Skryf jou bevindinge in jou joernaal, en dink terug oor jou eie prosesse en vordering.

Let op dat dieselfde groepdans opgevoer kan word vir die finale eksterne eksamen

3. Produksie beplanning (10 punte)

Die solo en groepdansen behoort opgevoer te word in 'n formele of informele omgewing bv. in die ateljee of skool saal vir gelykes of 'n publieke gehoor. Om voor te berei vir die opvoering, kan die leerling kies of 'n rol in die organiseering vandie produksie gegee word bv.

- Verhoog Bestuur organiseer die plek/ toneelskikking/dekor /kostuums/ rekwisiete/beligting
- Bemaking: organiseer die advertering, plakkaat ontwerp
- Berei voor die program insluitende ontwerp en informasie
- Behartig die finansies: Brei voor die begroting/kaartjie verkope/fonds insameling

Werk as 'n span om te verseker dat julle verskillende take tot 'n suksesvolle produksie bydra. Verskaf 'n skriftelike verslag waarin julle take en ander prosesse opgeteken is en dink terug aan die uitkoms van die produksie.

Let wel: Die opvoering kan die werk van enige of al die PATs insluit bv. solos, groepdansen, die choreografie en/of Inheemse danswerke.

- **PAT TAAK 5: LU 1 Improviseer rondom 'n id e of met begeleiding gekies deur die onderwyser – 1 minuut – EN individuele choreografie van 'n groepdans 2-3 minute. (50 punte)**

Instruksies vir leerders

1. Improvisasie (20 punte)

Oefening in improvisering moes in die AOO en VOO deur die jare plaas gevind het.

Jy sal duidelike parameters of idees gegee word om mee te werk.

- Jy word 'n stimulus gegee en kan dan 5-10 minute gegee word om daar oor te dink voor die assessering

- Jy kan 'n verskillende stimulus gegee word op 'n stuk papier sodat julle nie mekaar kan beïnvloed nie.
- Julle mag mekaar se improvisering sien en selfs deur hul gelykes geassesseer word (bowendien die onderwyser se formele assessering) of jy kan gevra word om een op 'n tyd in die ruimte te kom om jou improvisasie te doen gebaseer op 'n algemene stimulus
- Julle mag verkies om in groepe van twee tot vier te improviseer, waar jy op jou eie werk of as 'n groep
- Jy word 'n stimulus gegee met 'n stuk musiek om na te luister onmiddelik voordat hulle improvisasie afdeling

Jy moet na die improvisering terug dink aan die prosesse en 'n enkel bladsy geskrewe verslag voor berei.

Let op na die volgende kriteria vir improvisering:

